



JAARVERSLAG

2010



Bibliotek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service

UNIVERSITEIT-STELLENBOSCH-UNIVERSITY



Inhoud

1. Die konteks	3
2. Hoogtepunte van die jaar	4
3. Prestasies en pryse	5
4. Ons strategiese prioriteite	5
- Herinrigting van Biblioteekruimtes	5
- Bevordering van inligtingsgeletterdheid	6
- Bevordering van 'n kultuur van leer en innovasie onder personeel	7
- Uitbreiding en aanvulling van 'n volledige verskeidenheid inligtings-hulpbronne	8
- Vryelike deel van institusionele vakkundige publikasie-uitsette	10
- Gebruik van gesikte inligtingstegnologie om vakkundigheid te bevorder	11
5. Vennootskappe en samewerking	11
6. Spesiale Versamelings—bydrae tot navorsingspublikasie-uitsette	12
7. Spesiale geleenthede	14
8. Slotopmerkings	15

Voorbladfoto's: Bo: Studente wag voor die JS Gericke Biblioteek in eksamentyd November 2010. Onder: Leersentrum en Navorsingsentrum



1. Die konteks

"I am what the librarians
have made me with a little
assistance from a professor"
(JR Kidd in *Learning and Society*).

Hierdie verkorte aanhaling van Kidd toon die bydrae wat die biblioteek tot akademiese sukses en die ontwikkeling van hoëronderwys-instellings lewer. Die alomteenwoordige aard van inligting, en die gepaardgaande ontwikkeling van die virtuele biblioteek, vereis van 'n navorsingsintensieve instelling soos die Universiteit Stellenbosch om 'n 21^{ste}-eeuse akademiese biblioteek as grondslag te hê. Gedagtig aan die belangrike rol van die biblioteek in 'n hoëronderwysinstelling, het die Biblioteek- en Inligtingsdiens 'n strategiese plan vir 2010 tot 2015 ontwikkel. Dié plan, *Strategiese Rigtigs, 2010–2015*, word onderstut deur onder meer die pedagogiese paradigma van kritiese denke, die snelle bevordering van geskikte tegnologie, en internasionale biblioteek- en inligtingsdienstendense. Alle navorsing, raadpleging en ontwikkelingswerk met betrekking tot die plan is in 2009 afgehandel, vir inwerkingstelling met ingang van Januarie 2010.

Strategiese Rigtigs, 2010–2015 is duidelik in pas met die doelwitte van die Universiteit Stellenbosch. Die strategiese handelinge wat uit die plan spruit, is gegrond op die intervensies vervat in die Omgewingspesifieke Strategiese Plan van die Viserektor (Navorsing). Die plan word as robuus en dinamies beskou en sal voortdurend herbedink en hersien word om relevansie en streng voldoening aan die doelwitte van die Universiteit Stellenbosch te verseker. Die plan het reeds in die eerste jaar van inwerkingstelling 'n aantal suksesse gehad. Hierdie suksesse kan met internasionale tendense vergelyk word.

Die beduidendste internasionale biblioteek- en inligtingsdienstendense handel oor die veranderende rol van die biblioteek en die bibliotekaris, die herinrigting van fisiese ruimtes, die uitbreiding van die virtuele biblioteek, en die gebruik van nuwe tegnologie. 'n Gemeenskaplike behoeftie in die meeste akademiese biblioteke is dié aan die diversifikasie van biblioteek personeel se vaardighede om ook onderrigbekwaamheid in die oordrag van inligtingsgeletterdheidsvaardighede in te sluit. Aangesien tegnologiese veranderinge voortdurend 'n uitwerking het op die gebruik van biblioteke sowel as die aard van versamelings, moet bibliotekarisse hul vaardighedsportefeuilje uitbrei om gebruikers van die doeltreffendste dienste te voorsien.

'n Nuwe vaardigheid wat spoedig besig is om die norm te word, is dié van die bibliotekaris as uitgewer. Dít hou verband met die tendens dat biblioteke leiers is in

die ontwikkeling van vakkundige kommunikasie en intellektuele-eiendomsdienste. Volgens onlangse ontwikkelings is nuwerwetse biblioteke al hoe meer geneig om fakulteite en studente proaktief oor oueursregte en oopoeoggang-publikasiemoontlikhede op te voed en inhoud vir institutionele navorsingsbewaarplekke te bekom. Nog 'n betekenisvolle tendens met betrekking tot die ontwikkeling van vakkundige kommunikasie is die digitalisering van eiesoortige biblioteekversamelings – 'n proses wat verborge en onderbenutte spesiale versamelings tot die beskikking van navorsers oor die hele wêreld sal stel.

Mense se algemene begrip van die biblioteek sal verander namate fisiese ruimtes henerimaal en virtuele ruimtes uitgebrei word. Akademiese biblioteke bied toegang tot méér hulpbronne as ooit vantevore. Tog neem die aantal fisiese items in baie biblioteke af namate biblioteke hul intekening opsé op tydskrifte waartoe hulle permanente aanlynargiefstoegang het en/of namate hulle minder gewilde materiaal na gedeelde bergingsfasilitete of fasilitete weg van die biblioteekperseel verskuif. Die ruimtes wat só beskikbaar kom, word henerimaal om vir individuele en spanwerk deur studente plek te maak. Hierdie henerimaaliteit studentewerksgebiede ondersteun die groeiende pedagogiese paradigma van kritiese denke.

Die enorme toename in mobiele toestelle en toepassings sal nuwe biblioteekdienste aanspoor. Slimfone, e-boeklesers, iPads en ander handtoestelle sal nuwe gebruikersvraag en -verwagtinge aanvuur. Verskaffers het hierop gereageer deur elektroniese hulpbronne van mobiele koppelvlakke te voorsien; mobiele toepassings van bibliotekkatalogusse ("OPAC's") is aan die toename, en al hoe meer biblioteke bied naslaandienste via SMS, en mobiele koppelvlakke na hulle eie digitale versamelings.

Ander tegnologiese veranderinge wat akademiese biblioteke beïnvloed, is wolkrekenaarkunde, versterkte en virtuele realiteit, ontdekkinginstrumente, oop inhoud, oopbronsagteware en nuwe sosiale netwerk instrumente. Soos met mobiele toepassings, sal hierdie ontwikkelings bykans alle biblioteekwerksaamhede in die toekoms raak.

Die werksaamhede van die Biblioteek- en Inligtingsdiens moet deurentyd met hierdie tendense vergelyk word om sukses te meet. Hierdie sukses moet teen die agtergrond van die betrokke aktiwiteit se bydrae tot die doelwitte van die Universiteit beskou word, aangesien 'n suksesvolle akademiese instelling onder andere onderstut word deur die doeltreffendheid van sy biblioteek.

Hiervoor is die vaardigheidspoel van die Biblioteekpersoneel voortdurend deur middel van die personeelop-

leidingsprogram vergroot. Die Biblioteek het ook sy navorsingsbewaarplek sowel as die nodige vaardighede om die navorsingsuitsette van die instelling in te samel, te organiseer en te versprei, eksponsensieel uitgebrei. Die toename in elektroniese hulpbronne (e-boeke, tydskrifte en databasisse) het nie net die Biblioteek virtueel en op gerieflike tye toeganklik gemaak nie, maar het ook ruimte beskikbaar gestel vir die oprigting van die Leer- en Navorsingsentrum.

Voorts het die Biblioteek 'n beduidende bydrae gelewer tot studentesukses met sy geïntegreerde inligtingsgeletterdheidsprogram – 'n kernfunksie van die Leersentrum. Die ontwikkeling van die Navorsingsentrum, in samewerking met vennote, bied 'n omgewing en diens wat nagraadse deursette sal ondersteun en navorsingsuitsette sal verhoog.

Die inwerkingstelling van SUNSearch sal verseker dat studente toegang het tot noodsaklike inligtingshulpbronmateriaal om leer en navorsing te ondersteun. SUNSearch ondersteun die alomteenwoordige aard van inligting, en bied studente, personeel en navorsers inligtingstoegang uit verskeie oorde, wat die Leersentrum, Navorsingsentrum en ander sodanige plekke op kampus sowel as hul huise en kantore insluit. SUNScholar, die institusionele navorsingsbewaarplek,

bied weer 'n platform vir die vaslegging, bewaring en verspreiding sowel as die verbetering van die instelling se intellektuele uitsette, waarmee medewerking, financiering en nagraadse studente gelok kan word.

In pas met internasionale tendense en paradigmaverskuiwings in die rol van die akademiese biblioteek, het die Biblioteek oor die afgelope paar jaar groot dele van sy gedrukte versameling in digitale vorm omgeskakel, aangesien 'n navorsingsintensiewe instelling in 'n omgewing met voldoende inligtingshulpbronne moet funksioneer. Die Biblioteekbegroting het egter nie eweredig aan die vraag na beter virtuele toegang tot 'n wyer reeks hulpbronne gegroeи nie. Dit is vererger deur die feit dat die Biblioteek nuwe fasilitete en dienste, soos SUNScholar en die Leer- en Navorsingsentrum ontwikkel het, terwyl die begroting nie genoeg toegeneem het om hierdie nuwe fasilitete en dienste in te sluit nie.

Ten spyte hiervan het die Biblioteek- en Inligtingsdiens nuwe internasionale biblioteek- en inligtingstendense begin infaseer en beduidende bydraes tot die agenda van die Universiteit in 2010 gelewer, veral wat die ondersteuning van studentesukses en die verbetering van navorsingsuitsette betref.

2. Hoogtepunte van die jaar

Verskeie sleutelgeleenthede en -medewerkings het deel uitgemaak van die afgelope jaar se werkzaamhede, en het klem gelê op die Biblioteek se sterk leiersrol op plaaslike, streeks- en internasionale vlak.

In Februarie 2010 was die Biblioteek bevoorreg om die IFLA- presidensiële byeenkoms én die jaarlike simposium terselfdertyd aan te bied. (IFLA is die internasionale federasie van biblioteekverenigings en -instellings.) Hierdie saamgevoegde konferensie het volgens nasionale en internasionale afgevaardigdes 'n nuwe standaard gestel wat organisasie en inhoud betref. Die twee dae lange konferensie het vooraanstaande internasionale en nasionale sprekers, wat gerekende Afrikavakkundiges insluit, in gesprekvoering byeengebring. 'n Totaal van 193 bibliotekarisse van 21 verskillende lande, onder meer nege Afrikalande en vier van die vyf Nordiese lande, naamlik Finland, Swede, Denemarke en Noorweë, het aan die simposium deelgeneem. Die gesiene sprekers het die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, ingesluit.

Een van die prunk-inisiatiewe van die HOOP Projek was die oprigting van die Leersentrum, wat in 2010 suksesvol voltooi is. Die oprigting van die meer vakkundige Navorsingsentrum vir magister- en doktorale studente, akademici en navorsers het in die tweede helfte van 2010 begin, en sal na verwagting in Februarie 2011 voltooi word. Hierdie projekte het vir heelwat opwinding gesorg en die beoogde voltooide fasilitete sal esteties én funksioneel toonaangewend wees. Hier-

die moderne leerruimtes sal gespesialiseerde steun en dienste aan die Universiteitsgemeenskap bied en die ontwikkeling van inligtingsvaardighede ter ondersteuning van studentebehoud en vindingryke navorsing aanmoedig. Die amptelike opening van die Leersentrum en Navorsingsentrum sal onderskeidelik in Februarie en Maart 2011 plaasvind.

Die Universiteit Stellenbosch-bestuur het met Elsevier, een van die wêreld se voorste uitgewers, saamgespan om die instelling toegang tot vaktydskrif- en e-boekinhoud sowel as aktiwiteite ter ondersteuning van die Universiteit se navorsingsontwikkelingsagenda te bied. Een van die vele fasette van die US/Elsevier-vennootskap was die werksessies en aanbiedings oor oueurskap wat baie goed ontvang is. Die US/Elsevier-vennootskap het sleuteldienste op kampus sowel as internasionale kundigheid beskikbaar gestel om sinvolle en beduidende navorsingsteun en -ontwikkelingsaktiwiteite aan die Universiteit Stellenbosch te bied.

In pas met die strategiese transformasie van die Biblioteek se inligtingshulpbronversamelings, het die verkryging van nuwe elektroniese hulpbronne aansienlike waarde toegevoeg tot die akademiese en navorsingsprogramme van die Universiteit. Die aantal elektroniese vaktydskrifte het van 43 800 titels in 2009 tot 51 100 titels in 2010 toegeneem, terwyl e-boeke in dieselfde tydperk van 2 030 tot 7 600 titels toegeneem het.

Die Universiteit Stellenbosch is een van die leiers wat die skep en ontwikkeling van sy institusionele navorsingsbewaarplek, SUNScholar, betref. Die hoofdoel van die bewaarplek is om voltooide navorsingsuitsette van die Universiteit se navorsingsgemeenskap in te samel, te versprei en te bewaar, en die versameling het van 2 500 items in 2009 tot 4 100 in 2010 aangegroei.

In Oktober 2010 het die Biblioteek die Universiteit se ondertekening van die Berlynverklaring gefasiliteer, wat bewys lewer van die Universiteit se verbintenis om sy navorsingsuitsette met die res van Afrika en die wêreld te deel. Dié stap het die Universiteit groot internasionale lof besorg. Om die ondertekening te gedenk, het die Biblioteek 'n suksesvolle seminaar aangebied wat intyds oor die internet uitgesaai is. Kykers van 14 verskillende lande het ingeskakel om die verrig-

tinge te volg.

By die Bronverskaffingsafdeling van die JS Gericke Biblioteek is daar weggedoen met die handreserwestelsel en 'n nuwe elektroniese reserwestelsel is vanaf September 2010 geïmplementeer. Die nuwe stelsel is wyd op kampus bemark en die bemarking daarvan sal steeds in 2011 voortgesit word. Die ingebriukneming van die stelsel, hoewel dit nog relatief kort in bedryf is, het reeds die verwagte resultate begin toon, naamlik dat die reserwe-uitreikings vir 2010 alreeds 'n afname van bykans 3% getoon het. Dit is ongetwyfeld te danke daaraan dat kliënte nou 'n groot deel van die items wat normaalweg fisies by die reserwe-afdeling geraadpleeg of geleen moes word, aanlyn kan raadpleeg, 24 uur per dag, elke dag van die week.

3. Prestasies en prysse

Me Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens, het in 2010 die eerste jaar van haar tweejaarttermyn as President van IFLA.

In Junie 2010 het sy by die jaarlike konferensie van die internasionale komitee van die Amerikaanse Biblioteekvereniging se Assosiasie van Kollege- en Navorsingsbiblioteke in Washington 'n internasionale prys vir haar uitnemende internasionale biblioteekleierskap en uitstaande bydrae tot die internasionale biblioteekwese ontvang.

Een-en-twintig personeellede ontvang in 2010 die Rektor se toekenning vir voortreflike diens.

Me LA Adams ontvang die MBibl-graad tydens die eerste gradeplegtigheid van die Universiteit van Wes-Kaapland vroeg in 2010. Vier personeellede van die Biblioteek- en Inligtingsdiens was in 2010 besig met formele graadstudie, waarvan een nagraadse studie en die res voorgraadse studie was. Mnr EJ Jacobs het die PLUS-program van die Universiteit suksesvol voltooi en

sy diploma by 'n spesiale geleentheid van die Universiteit in ontvangs geneem. Mev H Swart en me R Faasen het in 2010 as mentors opgetree vir personeellede wat die PLUS-program deurloop het.

Naas die talle interne komitees van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, het verskeie personeellede tydens die verslagjaar verder sinvol bygedra deur hul lidmaatskap van komitees en rade op kampus en wyer, soos, onder meer, die Raad van Sabinet Online (Senior Direkteur: me ER Tise), die Raadgewende Komitee vir Biblioteekprodukte van Sabinet (me L Boyd – tydelik, me M Bergh en mev D Pretorius), die Verteenwoordigende Raad van die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA) (dr R Raju en me M Roux), die Tegniese Komitee van die Nasionale Navorsingstigting verantwoordelik vir die bestuur van Digitale Versamelings (mnr W Klapwijk) en die Raad van die Sentrum vir Stripkuns, Illustrasie en Boekkuns (CCIB) van die Universiteit Stellenbosch (me M Seyffert).

4. Ons strategiese prioriteite

Herinrigting van Bibliotekruimtes

Met die goedkeuring van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se voorlegging van sy Oorhoofse Strategiese Plan (OSP)-projek, *Toegang tot Elektroniese Bronne: studente-sukses en ondersteuning vir navorsing*, is uitvoering gegee aan die strategiese visie van die Biblioteek- en Inligtingsdiens om 'n dinamiese, kliënt-

gesentreerde fasilitet te skep, wat 'n integrale deel van die akademiese lewe van studente van die Universiteit Stellenbosch sal uitmaak en wat 'n beduidende bydrae sal lewer tot die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheids- en lewenslange leervaardighede van studente. Ten einde hierdie doelwit te bereik, het argiteks- en konstruksiebeplanning en die finalisering van befondsing vir die oprigting van die Leersentrum in die JS



Leersentrum



Gericke Biblioteek in 2009 begin en is dit in die eerste helfte van 2010 voortgesit.

Die konstruksiewerk aan die langverwagte Leersentrum het teen die middel van 2010 'n aanvang geneem, met die beoogde finale oorhandigingsdatum wat beplan is vir vroeg 2011 en ingebruikneming teen die aanvang van die akademiese jaar 2011. Die personeel- en bedryfsbeplanning van hierdie nuwe fasiliteit is terselfdertyd gefinaliseer en 'n verskeidenheid bemarkingsaksies is in werking gestel om die ingebruikneming van die nuwe fasiliteit in 2011 op kampus bekend te stel. Ten einde praktiese inligting en kennis in te win omtrent die nuutste tendense ten opsigte van ontwikkelings op die gebied van leersentrums, het die inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris, wat ook as die hoof van die Leersentrum sal funksioneer, 'n verskeidenheid leersentrums in Swede en Noorweë besoek tydens haar bywoning van die IFLA-konferensie in Swede in September 2010. Nuttige inligting is ingewin en waardevolle vennootskappe is met inligtingsgele-

terdheidsbibliotekarisse en leersentrumbestuurders van ander wêrelddele gesluit.

Teen die einde van 2010 was die konstruksiewerk van die Leersentrum steeds op datum, en volgens aanduidings het studente van die Universiteit met groot afwagting uitgesien na die ingebruikneming van die fasiliteit.

Die beoogde voltooiing en ingebruikneming van hierdie fasiliteit vroeg in 2011 is 'n belangrike stap in die bereiking van een van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se belangrike strategiese doelwitte, naamlik *die ontwikkeling van die biblioteek as 'n lewendige en aantreklike fisiese en virtuele omgewing wat samewerking, sosiale netwerkvorming en privaat studie en nadenke sal bevorder*.

Die beplanning vir die oprigting van die Navorsingsentrum in die JS Gericke Biblioteek, wat danksy befondsing van die Carnegie Korporasie van New York en die Biblioteek- en Inligtingsdiens se lidmaatskap van die Konsortium van Navorsingsbiblioteke in Suid-Afrika verwesenlik sal word, het in 2009 reeds 'n aanvang geneem en is in 2010 voortgesit. Hierdie sentrum wat vir gebruik deur magister- en doktorale studente, akademici en navorsers van die Universiteit geoormerk is en met die nuutste tegnologie toegerus sal wees om navorsing te ondersteun en as 'n sentrum vir kennisgenerering beplan word, se oprigting het middel 2010 begin en daar word beoog om dit teen die einde van 2010 te voltooi en vroeg in 2011 in gebruik te neem.

Bevordering van inligtingsgeletterdheid


Die inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris het die Biblioteek- en Inligtingsdiens se vennootskappe met ander omgewings wat verbind is tot die bevordering van inligtingsgeletterdheid op kampus verder uitgebrei of versterk deur haar betrokkenheid as lid van die taakspan vir Plagiaatbeleid en die taakspan vir Akademiese Geletterdheid, asook met die Taalsentrum se *Maak sin van Verwysings*-publikasie. Sy het verder met die Taalsentrum saamgewerk aangaande die ontwikkeling van die program Wetenskapsvaardighede 172 vir die Fakulteit Natuurwetenskappe en die verdere beplanning van soortgelyke modules vir die Fakulteit Agriwetenskappe. Sy het ook nou saamgewerk met die Nagraadse en Internasionale Kantoor aan die ontwikkeling van 'n generiese opleidingskalender vir 2011 vir nagraadse studente. Dit is 'n belangrike strategiese doelwit van die Biblioteek- en Inligtingsdiens om met 'n generiese nagraadse opleidingsprogram te probeer verseker dat inligtingsgeletterdheidsopleiding wat op nagraadse studie gefokus is na al alle nuweling- nagraadse studente in alle fakulteite uitgebrei word.

'n Volledige audit van alle kurrikulum-geïntegreerde, asook kurrikulum-verwante opleidingsprogramme wat deur inligtingdienste-personeel vir studente aangebied word en waarmee in 2009 begin is, is in 2010 voltooi

en op die Biblioteek- en Inligtingsdiens se webblad vir Inligtingsgeletterdheid gepubliseer.

Die aantal primêre kliënte wat in 2010 met opleiding deur inligtingsdienste-personeel bereik is, was weer eens hoog (Grafiek 1 en Tabel 1). Hoewel opleidingstastiek nie 'n ware weerspieëling is van die mate waarin daar geslaag is om die totale kampusgemeenskap met die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheidsvaardighede te bereik nie, weens die onafwendbare gebruik van koppestellings vir statistiese doeleinades, duif wel op 'n uitstekende prestasie van die inligtingsdienste-omgewings ten opsigte van hul toewyding tot inligtingsgeletterdheidsontwikkeling op kampus.

Grafiek 1: Persentasie studente opgelei per fakulteit 2007-2009 (Groepe)



Tabel 1: Aantal personele opgelei volgens tipe kliënt 2008-2010

	Groep			Individueel			Totale		
	2008	2009	2010	2008	2009	2010	2008	2009	2010
Voorgraads	8 727	17 174	14 484	3 840	3 372	3 675	12 567	20 546	18 159
Nagraads	1 570	2 745	3 160	2 273	1 595	1 695	3 843	4 340	4 855
Dosente	24	50	89	451	485	642	475	535	731
Afkampusstudente	252	0	0	5	26	2	257	26	2
Nie-universiteitskliënte	452	355	308	127	825	571	579	1 180	879
TOTAAL:	11 025	20 324	18 041	6 696	6 303	6 585	17 721	26 628	24 626

Dit bly egter steeds 'n bron van kommer vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens dat die huidige toewyding aan opleiding steeds nie kan verseker dat elke student wel die geleentheid kry om met die nodige inligtingsvaardighede toegerus te word nie. Dit bly daarom een van die strategiese doelwitte van die Biblioteek- en Inligtingsdiens om met 'n verskerpte fokus op die bevordering van inligtingsgeletterdheid, en die broodnodige samewerking van fakulteite en ander relevante rolspelers op kampus, kredietdraende kurrikulumgeïntegreerde opleidingsprogramme soortgelyk aan Wetenskapvaardighede 172 en Inligtingsvaardighede 172 na alle fakulteite uit te brei.

Bevordering van 'n kultuur van leer en innovasie onder personeel

Personeelopleiding en -ontwikkeling

Daar is weer in 2010 toegesien dat 'n volledige opleidings- en ontwikkelingsprogram vir personeel in alle afdelings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens opgestel is (en die nodige opleiers gevind is) waarmee aan al die opleidingsbehoeftes van die individu aandag geskenk kon word.

Binne die personeelopleidingsplan vir 2010 het 'n groot getal personeellede gedurende die verslagjaar deelgeneem aan 'n wye verskeidenheid verdere opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede, wat in hoofsaak gebaseer was op die ontwikkeling van die bevoegdhede wat van personeellede vereis word om hul onderskeie dagtake optimaal te kan verrig. Met hierdie opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede, waarvoor befondsing uit die biblioteek se begroting voorsien is, is egter ook die breër ontwikkeling van personeellede in ag geneem, naamlik dit wat van hulle afgeronde en produktiewe individue en werknekmers van die Universiteit sou maak en wat hul welwees sou bevorder.

Dit het onder meer CHEC- en HERS-programme, rekenaar- en sagteware-opleiding, programme wat deur die Universiteit se Taalsentrum en Menslike Hulpbronafdeling aangebied is, asook 'n groot verskeidenheid demonstrasie- en opleidingsessies en seminare deur verskaffers van biblioteekprodukte en 'n verdere omvattende aantal konferensies, werkswinkels en

ander ontwikkelingsgeleenthede wat plaaslik, nasionaal en internasionaal plaasgevind het, ingesluit.

Professionele bydraes: aanbiedings/lesings/toesprake/artikels

Me ER Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste, het in die loop van die verslagjaar verskeie aanbiedings gelewer by konferensies en ander geleenthede, onder andere:

- *Bridging the Digital Divide: libraries driving access to knowledge.* BOBCATSSS 2010, Parma, Italië, 25-26 Januarie 2010.
- *Knowing is not enough - engaging in the knowledge economy.* IFLA Presidensiële Vergadering/Jaarlikse Simposium, Stellenbosch, 2010.
- *Balance and Fairness: the role and future of copyright: Global perspective of Libraries and IFLA.* 7^{de} Kopiereg Simposium van die Internasjonale Uitgewersvereniging, Abu Dhabi, Verenigde Arabiese Emirate, 28 Februarie-1 Maart 2010.
- *Virtual Knowledge in Information Institutions: Issues and Perspectives.* Konferensie van die Arabiese Golf Tak van die Spesiale Biblioteke Vereniging, Abu Dhabi, Verenigde Arabiese Emirate, 2-4 Maart 2010.
- *Libraries driving Access to Knowledge (Presidential Theme).* 72^{ste} Jaarvergadering van die Noorweegse Biblioteekvereniging, Oslo, Noorweë, 16-19 Maart 2010.
- *Let's peel the onion together: exploration of the outer limits of international librarianship.* American Library Association Konferensie, Washington DC, Junie 2010.
- *Re-visioning the Academic Research Library.* Elsevier Connect Seminaar, Kaapstad, 31 Augustus 2010.
- *Open Access - a new paradigm for libraries and a new role for librarians.* IFLA Pre-Konferensie, Gothenburg, Swede, 9 Augustus 2010.
- *Innovation and development through access to knowledge and technology – an international perspective.* Shanghai Internasjonale Biblioteekforum, Hangzhou, China, Augustus 2010.
- *Libraries Driving Access to Knowledge.* Sri Lanka Biblioteekvereniging: Goue Jubileum Internasjonale Konferensie, Colombo, Sri Lanka, 6-8 Oktober 2010.
- *The role of libraries in promoting reading.*

Internasionale Simposium oor "Enhancing the Culture of Reading and Books in the Digital Age: Copyright as a means to foster creativity and access", Tokio, Japan, 1-2 Desember 2010.

Dr R Raju, Direkteur: Informasietegnologie en Kommunikasie, het gedurende 2010 die volgende referate by verskillende geleenthede gelewer:

- *Report on the way forward for LIASA and the quest for statutory status.* LIASA Konferensie 2010, Johannesburg, 27 September-1 Oktober 2010.
- *Changing circulation trends to reflect changing academic library paradigms with specific reference to Stellenbosch* (saam met L Boyd, L Johnson, J Williams). LIASA Konferensie 2010, Johannesburg, 27 September-1 Oktober 2010.
- *The road to unity and social justice: gathering, accessing and preserving TRC records.* IFLA Konferensie 2010, Gothenburg, Swede, 9-16 Augustus 2010.
- *The dawn of an open age: South Africa's effort to share its research output.* Berlin 8 Konferensie, Beijing, China, 25-27 Oktober 2010.

Dr Raju was ook tydens die verslagjaar betrokke by die volgende publikasies:

Uitbreiding en aanvulling van 'n volledige verskeidenheid inligtingsbronne

Die Biblioteek belê aansienlik in 'n magdom elektro-niese bronne. Hierdie strategiese paradigmkuif word weerspieël in die begrotingsverskuiwing, soos dit in grafiek 2 getoon word. Gedagtig aan hierdie beduidende belegging in elektroniese bronne, moet toegang optimaal wees om die beste opbrengs op belegging te verseker. Hierdie opbrengs op belegging moet beter toegang en 'n gepaardgaande verbetering in studentesukses en navorsingsuitsette insluit.

Hulpbronne wat die Universiteit se strategiese plasing en oriëntasie toon

Gedurende 2009 het die Biblioteek verskeie nuwe bronne aangeskaf wat voorsiening maak en steun bied vir die navorsings- en onderrigprioriteite van die Universiteit. Hierdie prioriteite is in pas met die vyf ontwikkelingstemas van die Millenniumontwikkelingsdoelwitte. Die bronne dek belangrike gebiede soos ondersoeke na klimaatsverandering, armoedevertigting, openbare gesondheid, MIV/vigs-navorsing, genderkwessies, konflikstudies, volhoubare ontwikkeling en landbou:


IEEE Explore- digitale biblioteek – Dit is die beste databasis van Ingenieurswese- en tegniese literatuur ter wêreld. Die databasis sluit vaktydkrifartikels, verrytinge, e-boeke en ander materiaal in.

- Raju, R. 2010. Knowing is not enough: libraries in a knowledge economy. *Free State Libraries*.
- Raju, R. and Raju, J. 2010. The public library as a critical institution in South Africa's democracy: a reflection. *Libres: library and information science research electronic journal*, 20(1). [Aanlyn vryetoegangtydskrif]. Beskikbaar by <http://libres.curtin.edu.au>
- Tise, E. and Raju, R. Lets peel the onion together: exploration of the outer limits of international librarianship. In Sharma, R. (ed.) *International librarianship*. Scarecrow Press.
- Raju, R. and Raju, J. 2010. A crack in the 'dam(ned)' wall?: cooperation and collaboration among higher education libraries in South Africa. *Innovation*, 43:1.

Mev A Schaafsma van die Afdeling Spesiale Versamelings publiseer die volgende artikel: The Africana collection at the JS Gericke Library, Stellenbosch University. *Philobiblon*, 3:33, 2010.

Me L Adams van die Afdeling Inligtingsdienste, JS Gericke Biblioteek, publiseer die volgende artikel: Uncertainty in information seeking behaviour in the virtual playground of Generation Y students at Stellenbosch University. *Innovation*, 42, 2010.


Grafiek 2: Vergelykende groei in begrotingstoewysing vir inligtingsbronne



Databasis van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRV) – 'n Aanlynversameling van die heel beste data, navorsing en hulpbronne van die SAIRV. Die Instituut is 'n onafhanklike dinksentrum wat navorsings- en beleidskritiek oor Suid-Afrika produseer.

Volledige Wiley Blackwell-versameling – Wiley Blackwell se vaktydkrifte is een van die belangrikste portuurbeoordeelde tydkrifversamelings tot die vakkundige wêreld se beskikking. Hierdie versameling

Grafiek 3: Volteks-aanlyntydskrifte beskikbaar via die Biblioteek se A-Z-lys



Tabel 2: Top 20 mees gebruikte bronse: volteks afgelaai in 2010

Bronnaam	Platform	Volteks afgelaai totaal
ScienceDirect	Elsevier	456758
JSTOR	JSTOR	190386
Academic Search Premier	EBSCOhost	133610
Wiley Online Library	Wiley	86239
Academic OneFile	Gale	73575
Business Source Premier	EBSCOhost	54694
SpringerLink	Springer	48347
SA ePublications	Sabinet	35940
American Chemical Society Journals (ACS)	ACS	29383
Emerald	Emerald	24360
PsycARTICLES	EBSCOhost	22258
Your Journals@Ovid	Ovid	20845
IEEE/IET Electronic Library (IEL) : Conference	IEEE	20506
IEEE/IET Electronic Library (IEL) : Journal	IEEE	19275
South African Law Reports	Juta	17391
AccessMedicine	McGraw-Hill	16967
ProQuest Medical Library	ProQuest	16160
Westlaw International	Westlaw	14957
Royal Society of Chemistry Journals	RCS	13565
HeinOnline	HeinOnline	12872

is noodsaklik vir omvattende navorsing in die meeste dissiplines.

Die bekende Kirk-Othmer Ensiklopedie van Tegnologie – Hierdie publikasie word deur vooraanstaande vakkundiges in die akademie, bedryf en navorsingsorganisasies geskryf.

Volledige elektroniese argiefleers van Elsevier-tydskrifte, wat toegang bied tot die meeste akademiese tydskrifte. Met toegang tot hierdie sleutelargiewe kan navorsers van die Universiteit inligting bekom wat voorheen nóg aanlyn nóg in gedrukte vorm beskikbaar was. Die argiewe sluit alle ou uitgawes sedert die heel eerste volume van belangrike internasionale en historiese tydskrifte in.

Tabel 3. Persentasie toename: gebruik van top vyf databasisse


DATABASE	2008	2009	2010	% toename: 2009-2010
ScienceDirect	314615	390761	456758	16.9
JSTOR	133697	123580	190386	54.1
Academic Search Premier	94160	100266	133610	33.3
Wiley InterScience	24557	63387	86239	36.1
Academic OneFile	34657	67130	73575	9.6

Elektroniese boeke as noodsaklike leer-en-onderriginstrumente

Deur sy verskeie databasisse, uitgewersplatforms en e-boektuistes het die Biblioteek in 2010 sy navorsers van toegang tot meer as 10 000 elektroniese boeke voor-sien. Die Biblioteek brei steeds sy e-boekversameling uit om kliënte aan die jongste innovasies in vakkundige kommunikasie en uitgewery bloot te stel. Die Biblioteek verstaan die etlike voordele wat 'n e-boek bo sy gedruk-te eweknie bied, en glo dat die gewildheid en gebruik van e-boeke beduidend sal toeneem en mettertyd 'n kerndeel van die algehele versameling sal uitmaak. E-boeke word saam met aanlyntydskrifte gebruik en in die meeste gevalle ook saam met aanlyntydskrifte op uitgewersplatforms gehou. E-boeke bied 'n magdom aanlynkenmerke wat die leser se algehele ervaring verbeter en die bestuur van navorsingsinligting fasiliteer. Dit bied ook innoverende e-leerinstrumente vir dosente om aanlynleeslyste en -versamelings vir studente te skep.

Die uitbreiding van die gedrukte boekversameling

Die Biblioteek brei ook voortdurend sy gedrukte boekversameling uit om die prioriteite van die Universiteit te weerspieël en vir strategiese navorsingsprioriteite voorsiening te maak (Grafiek 4). Nie alle akademiese boekpublikasies is aanlyn beskikbaar nie, en dus sal sleuteltekste steeds in gedrukte vorm uitgegee en gebruik word. Die Biblioteek hou dus vol met die uitbreiding van sy gedrukte boekversameling, en sal ook voortgaan om die nodige omgewing te bied waar kliënte deur boekkrakke kan soek en gedrukte boeke in 'n kreatieve, ontspanne ruimte vir oordenking kan lees.



Verbetering van toegang tot wetenskaplike kennis

Kimberly Parker, HINARI-programbestuurder, het in 2009 soos volg opgemerk: "... [D]ie geleenthede om oorspronklike vakkundige navorsing sónder toegang tot die wêreld se gepubliseerde literatuur te onderneem, is beperk. Ontdekings bou immers voort op generasies van vorige navorsing." (HINARI is die inisiatief vir tussennetwerktoegang tot gesondheidsnavorsing.) Hierdie woorde was in reaksie op 'n verslag wat die dramatiese toename in navorsingsuitsette van ontwikkelende lande sedert 2002 toon. Hierdie stewige toename

in navorsingsuitsette hou duidelik verband met beter toegang tot wetenskaplike literatuur in die streek.

Die Biblioteek besef dat die verbreding en verdieping van toegang tot internasionale wetenskaplike kennis regstreeks tot die verbetering van die Universiteit se navorsingsuitsette bydra. Die Biblioteek het die aantal aanlynnydskrifte wat via sy aanlynnydskriflyfs beskikbaar

is, met ongeveer 17% van 43 850 titels tot 51 106 titels vermeerder (grafiek 3). Dít sluit gerekende tydskrifte van uitgewers soos Wiley Blackwell, IEEE en Elsevier in. Die gebruik van die Biblioteek se aanlyn-hulpbronne neem voortdurend toe (tabel 2 en 3) en dui op die toegevoegde waarde van dié versameling vir akademiese bedrywighede op kampus.

Vryelike deel van institusionele vakkundige publikasie-uitsette


Optoegangseminaar en ondertekening van die Berlynverklaring

'n Beduidende aktiwiteit met betrekking tot die deel van die instelling se navorsingsuitsette was die optoegangseminaar in Oktober 2010. By dié geleentheid het van die voorste akademici van die Universiteit Stellenbosch hulle positiewe sienings oor die vryelike deel van hul navorsingsuitsette met die res van Afrika en die wêreld uitgespreek. Die seminaar was belangrik om 'n aantal redes. Eerstens het die Universiteit die stap gedoen om die seminaar regstreeks na die res van die wêreld uit te saai. Hierdie suksesvolle regstreekse uitsending was 'n bewys van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se vermoë om met behulp van die jongste tegnologie inligting na die wêreld te versprei.

Nog 'n noemenswaardige bydrae van die seminaar was die regstreekse uitsending van aanbiedings vanaf afgeleë plekke, wat 'n boodskap van Mark Shuttleworth uit Londen ingesluit het. Dít het getoon dat tegnologie toegangsversperrings help afbreek, wat ook een van die boodskappe was wat die seminaar wou oordra. Gedurende die beraadslaging by die seminaar het dit baie duidelik geword dat akademici op soek is na ooptoegangsplatforms om hulle navorsing te publiseer. Hierdie wete het stukrag verleen aan die ondersoek na die gebruik van oopbron sagteware soos die OJS (die aanlyn-vaktydskrifstelsel) om van die Universiteit se navorsingsuitsette te publiseer op 'n platform wat onmiddellik beskikbaar sal wees. Die gebruik van OJS vir die publikasie van die Universiteit Stellenbosch se navorsingsmateriaal maak deel uit van die Biblioteek se agenda vir 2011.

Tog was die beduidendste viering van die optoegangseminaar die Rektor se ondertekening van die Berlynverklaring oor Oop Toegang tot Inligting ten opsigte van die Natuur- en Geesteswetenskappe. Met hierdie geskiedkundige gebeurtenis het die Universiteit Stellenbosch die eerste universiteit op die vasteland geword om dié verklaring te onderteken – 'n duidelike bewys van die instelling se voorneme om sy navorsingsuitsette vir die res van Afrika en die wêreld oop te stel, en 'n stap waarmee die Universiteit navorsing wil aanmoedig en menslike ontwikkeling, veral in Afrika, wil bevorder. Voorts het die ondertekening van die verklaring die Universiteit 'n stap nader gebring aan gasheerskap vir die Berlyn 10-optoegangskonferensie

in 2012. Die ondertekening van die verklaring, en die gepaardgaande deel van navorsingsuitsette via die navorsingsbewaarplek en publikasie op OJS, toon dat die Biblioteek gereed is om aan 21^{ste}-eeuse hoëronderwysbibliotekwerksaamhede deel te neem. Die Biblioteek verwelkom die veranderende rol van biblioteke as uitgewers van inligting, terwyl sy bedrywighede steeds op die tradisionele pilare van inligtingsinsameling (ook via die navorsingsbewaarplek), inligtingsorganisasie en inligtingsverspreiding rus.



SUNScholar: die institusionele navorsingsbewaarplek

Een van die Universiteit se fokuspunte is om die kennisbasis uit te brei en 'n wetenskaplike voetspoor op die Afrikavasteland agter te laat. Daarom is dit noodsaaklik dat die navorsingsbewaarplek SUNScholar eksponensiële groei toon. Dié bewaarplek, wat deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens in stand gehou word, is verbind tot die deel van navorsingsuitsette, en het aansienlik uitgebrei sedert die oorspronklike SUNeTD. In die aanvanklike stadia is SUNeTD ontwikkel om die tesisse en verhandelings van die instelling vas te lê en beskikbaar te stel. SUNScholar se huidige mandaat is om primêre navorsingsuitsette (navorsingsartikels, konferensieverrigtinge, tesisse en verhandelings) sowel as sekondêre navorsingsuitsette (spesiale materiaal, video-insetsels, klankgrepe, datastelle, beelde, kaarte, intreeredes, ensovoorts) te berg, te versprei en te bewaar.

Teen Desember 2010 kon die Universiteit via SUNScholar die volledige tekste van 3 295 tesisse en verhandelings met die res van die wêreld deel (soos grafiek 5 aantoon) en die sigbaarheid van, en

sneltoegang tot, hierdie tesisse en verhandelings verbeter. In 2011 sal die aantal navorsingsartikels in die bewaarplek na verwagting toeneem, wat onder meer ander Afrikalande, ook diegene met wie die Universiteit vennootskappe gesluit het, toegang tot tersaaklike en belangrike navorsingsinhoud sal bied.

Gebruik van gesikte inligtingstegnologie om vakkundigheid te bevorder

Ter ondersteuning van sy agenda om 'n 21^{ste}-eeuse akademiese biblioteek te word, maak die Biblioteek van huidige en tersaaklike tegnologie gebruik. Die Biblioteek verwesenlik sy filosofie, naamlik om sy 'mure te versit' ten einde heeldag en aldag vir die gebruikersgemeenskap toeganklik te wees, deur die bydraes van onder meer sy Afdeling Informasietegnologie (IT). Sodanige ononderbroke toegang tot belangrike bronre ondersteun die instelling se strewe om studentesukses

op sowel voorgaarde as nagraadse vlak te verbeter. Buiten die bied van noodsaklike steun om te verseker dat die Biblioteek optimaal funksioneer, het die IT-afdeling 'n stel produkte in werking gestel en/of opgegradeer wat toegang tot bronre sal verbeter. Die opgradering van die geïntegreerde biblioteekstelsel Aleph, en die verbonde soekinstrument in die besonder, verbeter toegang tot inligtingsbronre ter ondersteuning van onderrig, leer en navorsing. Met die soekinstrument SUNSearch kan navorsers deur 'n verskeidenheid inligtingsbronre sif en data terselfdertyd navors én opspoor.

Nog 'n voorbeeld van hoe die Biblioteek sy 'mure versit', is die digitalisering en virtuele toeganklikheid van die reserweversameling. Hoofsaaklik voorgraadse studente sal voortaan te alle tye, selfs buite die Biblioteek se gewone werksure, toegang tot die volledige tekste van reserwemateriaal hê.

5. Vennootskappe en samewerking

Konsortium van Navorsingsbiblioteke

Vir die doel van die heropleiding van professionele personeellede van die onderskeie deelnemende biblioteekdienste van die Konsortium van Navorsingsbiblioteke in Suid-Afrika – waaronder in die 2009 Jaarverslag gerapporteer is – is twee biblioteekakademies met 'n intensieve navorsingsopleidingsprogram wat elk twee weke geduur het in April en Oktober 2010 by Mont Fleur, Stellenbosch aangebied. Tien personeellede van die Biblioteek- en Inligtingsdiens het na streng aansoek- en keuringsprosedures die geleentheid gehad om die akademies by te woon. Verskeie navorsers van Universiteit Stellenbosch is betrek as aanbieders en sprekers by die onderskeie programme van die twee akademies en hul aanbiedings is met groot entoesiasme en waardering deur die deelnemende programkandidate ontvang. Daar is besondere waardering vir hierdie persone se welwillende deelname aan hierdie baie belangrike opleiding van biblioteekpersoneel.

Twee van die Biblioteekdiens se toppresteerders by die onderskeie akademies, mev L Schoombee en N Visser, is teen die einde van 2010 gekeur om vanaf Februarie tot einde April 2011 verdere opleiding by die Mortenson Sentrum (Universiteit van Illinois, Urbana-Champaign) en ander groot navorsingsbiblioteke in die VSA te deurloop.

Die voorreg om deel te wees van hierdie besondere projek sal 'n noemenswaardige impak hê op die Biblioteek- en Inligtingsdiens se doelwit om 'n betekenisvolle professionele bydrae te kan lewer tot die Universiteit se visie van 'n navorsingsuniversiteit van wêreldgehalte.

Universiteit Stellenbosch/Elsevier-vennootskapooreenkoms - die versterking van vermoë

Die Universiteit Stellenbosch-bestuur het 'n ooreenkoms met Elsevier onderteken waarvolgens die instelling toegang tot hulpbronre en kundigheid kry wat jong navorsers sal ondersteun, internasionale medewerking sal vermeerder, en toegang tot hulpbronre sal uitbrei. In daardie stadium het Elsevier hierdie soort samewerkingsooreenkoms aan net één ander instelling, naamlik die Universiteit van Aberdeen in die Verenigde Koninkryk, aangebied.

Die inhoudsaanbod van die US/Elsevier-vennootskap sluit toegang tot die volledige argiefleers van Elsevier-vaktydskrifte in, en plaas die Universiteit in dié verband op gelyke voet met die voorste universiteite ter wêrelde. Die vennootskap het die Universiteit ook 'n jaar se toegang tot alle e-boeke van Elsevier gegee (ter waarde van \$1,3 miljoen).

Daarbenewens sluit die vennootskap steun- en raadplegingsaktiwiteite in. Elsevier-konsultante sowel as plaaslike tydskrifredakteurs en navorsingspersoneel het werksessies aangebied oor die skryf van 'n navorsingstuk van wêreldgehalte, sowel as oor loopbaanvoorligting vir navorsers. Hierdie werksessies was bepaald afgestem op junior navorsers wat nog aan die begin van hul loopbane staan. Gedurende die outeurswersessies oor hoe om 'n uitstekende navorsingstuk te skryf, het deelnemers unieke insig verkry in hoe uitgewers, redakteurs en nasieners manuskripte beoordeel wat aan wetenskaplike tydskrifte voorgelê word. Die eerste werksessie het aan die begin van die akademiese jaar plaasgevind, en meer as 130 junior (en 'n paar baie senior) navorsers

het vir 'n stampvol lokaal gesorg. Arthur Eger van Elsevier het met een van die plaaslike Elsevier-redakteurs, dr Peter Martinez van die Suid-Afrikaanse Sterrewag en mederedakteur van die Elsevier-tydskrif *Advances in Space Research*, saamgespan om die sessie aan te bied. Na aanleiding van die positiewe reaksie op hierdie werksessie, het nog 'n plaaslike redakteur, prof Edward Boje, mederedakteur van die tydskrif *Control Engineering Practice*, in April 2010 'n verdere outeurswerksessie vir nog 'n groep van 48 junior navorsers op kampus aangebied.

Die werksessie oor loopbaanvoorligting vir navorsers was gegrond op prof Alan Johnson (van die Universiteit van Adelaide) se uitgebreide ervaring in navorsingsbestuur en -opleiding. Dit is ontwerp om algemene loopbaanvoorligting te bied met betrekking tot die besluite waarvoor jong navorsers dikwels te staan kom.

Die vennootskap wou ook kundigheid en steun bied ten opsigte van die analise van die Universiteit se navorsingsprestasie en -rang. In April 2010 is 'n werksessie oor die ontleding van navorsingsprestasie en -rang dus gehou ten einde die inwerkingstelling van die vennootskap te gedenk. Elsevier het 'n werksessie vir die Universiteitsbestuur aangebied wat bepaald gekonsentreer het op die toepassing van navorsingstrategieë sowel as strategieë om die instelling se plek op die wêreldranglys te verbeter.

Boonop wou die vennootskap sterk inligtingsgeletterdhedsvaardighede by navorsers en leerders ontwikkel.

6. Spesiale versamelings Bydrae tot navorsingspublikasie-uitsette

In die afdelings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens wat gemoeid is met die versameling en verwerking van spesiale-versamelingsmateriaal, asook inligtingsdienslewering en navorsingsondersteuning in hierdie afdelings, is in 2010 spesifiek weer gefokus op die aanskaffing, hetsy deur aankope of skenkings, en voorbereiding van versamelings en items wat waarde kan toevoeg tot navorsing en 'n positiewe bydrae kan lewer tot navorsingsuitsette.

Afdeling Spesiale Versamelings, JS Gericke Biblioteek

'n Aantal nuwe versamelings, asook byvoegings tot bestaande versamelings – in totaal sowat 458 cm lineêre rakspasie – is in die loop van die verslagjaar by die versamelings van die Dokumentesentrum gevoeg, en van die belangrikste tovoegings sluit die versamelings van Ferrie Binge-Coetzee (kunstenaar), Juliana Bouws (ensiklopedis en skrywer), Lina Spies (skrywer en digter), Hennie Aucamp (skrywer), JC Kannemeyer (skrywer), Elsa Joubert (skrywer), Hans

In hierdie verband het sessies oor die verbetering van soekstrategieë navorsers met generiese soekvaardighede toegerus. Elsevier het ook 'n vryskutopleier en twee studente-ambassadeurs aangestel om die algemene Scopus- en ScienceDirect-databasisopleiding op kampus aan te vul. Meer as 800 studente en navorsers het verskeie opleidingssessies onder die vaandel van die vennootskap bygewoon.

SciVal Spotlight, 'n aanlyninstrument wat deur Elsevier ontwikkel is, is ook op kampus in werking gestel. Dié instrument toon die Universiteit se sterk punte wat navorsing betref, die aspekte waaraan die instelling meer navorsingsbronne moet toeken, en ook hoe die instelling in vergelyking met ander nasionale en internasionale hoëronderwysinstellings staan. Helen de Mooij het deurtastende opleidingssessies aangebied om te verseker dat fakulteitspersoneel die SciVal-instrument behoorlik kan gebruik.


Die US/Elsevier-vennootskap het die Biblioteek in staat gestel om met sleutelrolspelers op kampus en internasionaal saam te werk. Só kon die Biblioteek waarde toevoeg en 'n direkte bydrae lewer tot:

- die ondersteuning en ontwikkeling van hoëvlaknavorsing in die instelling en die streek;
- studentebehoud en -sukses;
- die gehalte van onderrig en leer; en
- die uitbreiding van toegang tot inligtingsbronne.

Ester (Nederlandse letterkundige) en Jan van den Berg (Suid-Afrikaanse ambassadeur) in.

In 2010 is 260 nuwe titels vir Africana aangekoop. Van die tweedehandse aankope wat uitgesonder kan word, is die uiters skaars *Ten little Boer boys* deur 'Norman' (1900) – 'n Engelse 'kinderboek' oor die Anglo-Boereoorlog; *Sir George White, VC: the hero of Ladysmith* (London: 1900); *The beat of the Drum: the story of a magazine that documented the rise of Africa* (Johannesburg: 1982) – 'n uiters belangrike bron oor die geskiedenis van die pers in Suid-Afrika; *Sun on the grid: Grand Prix and endurance racing in southern Africa*/Ken Stewart en Norman Reich (Johannesburg: 1967) – 'n waardevolle 'sport-Africana'-aankoop, en *An astronomical bi-centenary: the Abbé de Lacaille's visit to the Cape, 1751-1753* (Kaapstad: 1951) – 'n voorbeeld van 'n gedenkuitgawe op die gebied van Suid-Afrikaanse wetenskaplike geskiedenis.

Met nuwe boekaankope is daar ook 'n paar besondere titels tot die versameling gevoeg, wat spesifieke versamelareas binne Africana aanvul en huidige



navorsingsrigtings ondersteun:

- *Black Venus 2010* (Philadelphia: Temple University Press) – Hierdie versameling essays oor Saartjie Baartman is 'n belangrike nuwe aanwins oor hierdie onderwerp, wat jaarliks deur studente van die Departement Geskiedenis nagevors word.
- *Book of iterations* – 'n kunstenaarsboek deur die bekende Pippa Skotnes
- *Cape Town stadium: between the lines* en *On track: the stadium on the point* – Hierdie twee boeke dek die storie van die bou van die nuwe Kaapstadstadion, en is goeie voorbeelde van kontemporêre bronne wat hedendaagse geskiedkundige oomblikke vasvang vir toekomstige navorsing en bewaring.
- *The war for South Africa* deur Bill Nasson; *Boerejode: Jews in the Boer armed forces* deur David Saks, en *De onnodige Boerenoorlog* deur Math Verstegen – drie bronne wat die Anglo-Boereoorlog-versameling aanvul.

Wat die Beskermde Versameling betref, is die kunsboekversameling in 2010 deur 'n paar besondere aankope aangevul, onder meer *Creamier*, die derde aflewing in 'n reeks deur Phaidon-uitgewers oor kontemporêre kuns. Die "Cream"-reeks word gekenmerk deur innoverende bindwerk. *Pappa in Afrika* deur Anton Kannemeyer en *Comic art propaganda: a graphic history* was twee belangrike aankope vir die stripkunsversameling van die Beskermde Versamelingsafdeling.

Daar was weer, soos in voorafgaande jare, talle voorbeelde in 2010 van tasbare uitkomste van die inligtingsverskaffing en navorsingsondersteuning wat deur personeel van die Afdeling aan kliënte voorsien word, met publikasies en ander aktiwiteite wat 'n direkte resultaat was van navorsing in die Afdeling:

- *Brieven van Uys Krige uit Frankryk en Spanje/* geredigeer en ingelei deur Peet van Aardt. Hermanus : Hemel & See Boeke, 2010.
- *The Cape journal: military villages in the Eastern Cape: the unfortified military villages of Sir Harry Smith, 1848-1850* / Colin G Coetzee; geredigeer en hersien deur Tony Westby-Nunn. Kaapstad: Westby

Nunn Publishers, 2010.

- *The Cape journal: Jansenville, Klipplaat & Waterford/* opgestel en geproduseer deur Westby Nunn Publishers. Kaapstad, 2010.
- *Boer boy: memoirs of an Anglo-Boer War youth/* Chris Schoeman. Kaapstad: Zebra Press, 2010.
- DF Malan: a political biography/Lindie Korf. DPhil, Universiteit Stellenbosch, 2010.

Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS), Musiekbiblioteek

Die DOMUS-versamelings het die afgelope ses jaar aansienlik gegroei en sedert 2005 uitgebrei van sowat 17 versamelings tot sowat 50 (kleiner en groter) versamelings in 2010.

Nuwe versamelings wat in die loop van 2010 bekom is, sluit die versamelings van Michael Blake, Aryan Kaganof (dokumente en DVD's), Hanlie van Niekerk, Japie Malan (voormalig orrelis van die Groote Kerk) en Ernie Papp (Suid-Afrikaanse punkmusiek) in. In Papp se geval het DOMUS toestemming om die materiaal te laat digitaliseer, waarna die oorspronklike items teruggesorg moet word aan Papp.

Navorsing in die DOMUS-versameling waaraan in 2009 gewerk is en wat in 2010 gereed was vir publikasie sluit onder meer die volgende in: Stephanus Muller en Stephé Oosthuysen se publikasie oor die Anton Hartman-Arnold Van Wyk korrespondensie; die Festschrift ter ere van prof Izak Grové deur Stephanus Muller en Sharon de Kock; die DOMUS-uitgawe van Hennie Aucamp se Afrikaanse tekste oor kabaret, en die onderhoude met voormalige EOAN-lede wat getranskribeer en verwerk is om 'n narratief te vorm wat in boekvorm gepubliseer kan word.

Die volgende artikel het ook tydens die verslagjaar na aanleiding van navorsing in die Afdeling die lig gesien: Matildie Thom Wium (PhD). 2010. "My country, my dry forsaken country": On exile in Arnold van Wyk's, N.P. van Wyk Louw's and Ovid's *Tristia*', *Musicus*, 38:1.

Nagraadse studie wat in 2010 hoofsaaklik op materiaal uit DOMUS geskoei is, sien soos volg daar uit:

- Hilde Roos se doktorale studie oor opera in Suid-Afrika, wat onder ander 'n hoofstuk oor die EOAN-Groep insluit (afgehandel)
- Magdalena Oosthuizen se doktorale studie oor die solo-vokale musiek van Arnold van Wyk (onderweg)
- Matildie Thom-Wium se doktorale studie oor die klavierwerke van Arnold van Wyk (onderweg).

Papp Punk kasset



7. Spesiale geleenthede

Tweede lesing van die Dokumentesentrum

Die tweede Dokumentesentrumlesing is weer suksesvol in Februarie 2010 aangebied. Die titel was *Uys Krige in ons binnekring* en dit was 'n besonder persoonlike aanbieding wat uiters gewild was by die gehoor. Dit was trouens een van die top vyf aanbiedings van Woordfees 2010, en alle kaartjies was uitverkoop voordat daar met ernstige bemarking van die geleentheid begin is.



Uys Krige

Die aanbieding was in die vorm van 'n gesprek tussen die gespreksleier, Amanda Botha (joernalis), en twee familielede van Krige, naamlik Grethe Fox (susterskind) en Eulalia Krige (dogter). Die eerste deel van die program is in die ouditorium van die JS Gericke Biblioteek aangebied, waarna die tweede deel in die Dokumentesentrum voortgesit is, waar gaste 'n uitstalling van dokumente uit die Uys Krige-versameling kon besigtig. Prof JC Kannemeyer het 'n rondleiding by dié uitstalling aangebied en ligte verversings is ook bedien.

Die pers was baie goed verteenwoordig by die geleentheid, met onder andere fotograwe en joernaliste van *Die Burger*, *Beeld* en *Lip*. 'n Artikel oor die geleentheid het ook in *Die Burger* van 27 Februarie 2010 verskyn. In terme van blootstelling was die geleentheid dus ook uiters suksesvol.

Spesiale geleentheid ter ere van prof HB Thom

Tydens hierdie geleentheid op 10 November 2010 is die HB Thom-katalogus bekendgestel en die Dokumentesentrum-lokaal (1065) na prof Thom vernoem. Dié glansgeleentheid was 'n hoogtepunt vir die Afdeling in besonder, maar ook vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens in die breë. Lede van die HB en MJ Thom Trust is tydens die geleentheid ook bedank vir hul finansiële ondersteuning deur die jare, en daar was oopregte waardering van die Trust vir die vernoemingsgebaar.

Tydens die geleentheid was die Rektor, prof HR Botman; die Viserektor (Navorsing), prof A van Zyl; me M Seyffert (Hoof: Afdeling Spesiale Versamelings), en me ER Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens) aan die woord, en die Rektor se toespraak by die geleentheid het besonder baie aandag in die kampusmedia ontvang.

'n Artikel deur Mimi Seyffert oor prof HB Thom se nalatenskap het ook in die "By"-byvoegsel van *Die Burger* verskyn.

Jaarlikse simposium en presidensiële vergadering

In Februarie 2010 het die Biblioteek IFLA se presidensiële vergadering en jaarlikse simposium aangebied. Die tema van die twee geleenthede was "Knowing is not enough: engaging in the knowledge economy", wat goed aangesluit het by die IFLA-president se tema, "Libraries driving access to knowledge". Die konferensie is uiters goed bygewoon, met afgevaardigdes van meer as 20 lande, onder meer 'n groot kontingent van Afrika. Die geleentheid was 'n vertoonvenster vir die bydrae wat die Universiteit en Suid-Afrika tot tersaaklike diskouers kan lewer.

Die hoofrede deur die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, het getuig van die regering se bydrae tot die diskouers oor biblioteke as kernrolspelers in die kennisekonomie. Die Minister het belangrike kwessies vir oorweging aangeroer, onder meer die ongerymde situasie dat staatsgefinansierde wetenskaplike navorsing in voorste tydskrifte gepubliseer word, waarna dit teen so 'n hoë koste aan staatsinstellings terugverkoop word dat dit toegang tot tersaaklike navorsingsmateriaal ernstig belemmer. Dié beperking van toegang tot navorsingsmateriaal smoor natuurlik ook verdere navorsing. Die Minister het 'n hele aantal boodskappe oorgedra, wat insluit dié oor die vryelike deel van navorsingsuitsette vir die ontwikkeling van die land.

Ná die Minister het die Visekanselier en Rektor van die Universiteit Stellenbosch sowel as die Senior Direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens opgetree. 'n Aantal ander gerekende sprekers van ander lande het ook die simposium toegespreek, onder meer prof Kingo Mchombu (Universiteit van Namibië), prof Kgomo Motso Moahi (Universiteit van Botswana), prof dr Claudia Lux (IFLA-president van 2007 tot 2009, en die voorsitter van die Duitse Biblioteekvereniging), dr Seleti (Departement van Wetenskap en Tegnologie, Suid-Afrika) en dr Bas Savenije (Algemene Direkteur: Koninklike Biblioteek, Nederland).

Die IFLA presidensiële vergadering en jaarlikse simposium was ongetwyfeld 'n hoogtepunt vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens van die Universiteit sowel as vir die Suid-Afrikaanse biblioteeksektor in sy geheel.

8. Slotopmerkings

Die Biblioteek- en Inligtingdiens het in die loop van die verslagjaar gepoog om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die uitkomste van sy plan *Strategiese Rigtings, 2010-2015*, wat ten doel het om 'n leeromgewing, met inbegrip van 'n virtuele omgewing, te skep wat bydra tot die ontwikkeling van 'n studentekorps wat kundig is, krities dink en aan aktiewe burgerskap meedoен. Hiermee is daar terselfdertyd gepoog om ook betekenisvol by te dra tot die uitvoering van die strategiese doelwitte van die Universiteit in die breë.

Die Universiteit sponsg met die hoogste aantal beswaarde navorsingsuitsette per akademiese personeellid in Suid-Afrika. Die instelling se navorsers produseer ook 14% van alle navorsingsuitsette in die land. Die Universiteit Stellenbosch is bekend as 'n navorsingsintensiewe instelling wat gemoeid is met navorsing en gesprekke oor sosiaal tersaaklike kwessies en onderwerpe, en het in sy strategiese doelwitte en oogmerke die uiterste belang van robuuste navorsing en onderrig van gehalte beklemtoon.

Ten einde sy navorsingsuitsette verder te vermeerder, het die Universiteit 'n doelbewuste poging aangewend om navorsingsvermoë uit te brei deur jong navorsers te ondersteun. Die instelling het hom daarvoor beywer om sy wêreldwye netwerke uit te brei en navorsings-medewerking te verhoog. Boonop het die Universiteit hom tot die uitbreiding van sy kohort nagraadse

studente verbind.

Op sy beurt het die Biblioteek hom so geplaas om hierdie strategiese doelwitte te ondersteun en te help verwesenlik deur middel van hoëvlaknavorsing- en -onderrigsteun in die vorm van vakkundige bronne. Só wil die Biblioteek navorsing aanmoedig, internasionale gesprekvoering ondersteun, en onderrig en leer fasiliteer. Die Biblioteek bied ook opleiding en kundigheid vir vermoëbou en ontwikkeling op die gebied van navorsingsvaardighede. Die JS Gericke Biblioteek het sy dienste, ruimtes en strategieë heringerig om onder die groter strategiese sambrel van die Universiteit met 'n hernude doel voor oë te werk, naamlik om 'n doeltreffende rolspeler te wees in die ontwikkeling van die land en die streek.

In hierdie gees sal die Biblioteek- en Inligtingsdiens dan ook in die jare wat voorlê steeds daarna streef om die intellektuele gemeenskaplike terrein te wees vir die verskillende takke van die Universiteit sowel as die Universiteitsgemeenskap in sy geheel.

Ellen R Tise



*U dinamiese
venoot in
akademiese
uitnemendheid*